MELKSKUIF NA DIE BINNELAND DIE MOEITE WERD.

Baie is al geskryf oor die verskuiwing van melkproduksie van die binneland na die kusgebiede van die Suid-Afrika. 'n Bekende in melkkringe en eertydse Boer van die Jaar, het egter besluit om sy melkery van die Tsitsikamma na die Visriviervallei te skuif. Landbouweekblad het hom uitgevra oor die redes vir die stap.

Dis 'n miernes van bedrywigheid soos een na die ander bestuurskonsultant, voedingkundige of veearts op die plaas Wynandskraal in die Kookhuis-omgewing toesak en 'n rukkie later weer vertrek. Genestel in 'n kom waar die Visrivier met 'n wye perdeskoendraai die groen landerye onder spilpuntbesproeiing omhels, staan 'n indrukwekkende staal- en baksteenstruktuur - Die Mooimelk Koeihotel.

Sowat 1 500 Holstein koeie word van 5 uur smorens tot 11 uur saans, op die 50 punt Australiese Rockwood betondraaitafel wat elke sewe minute 'n omwenteling voltooi, gemelk. Altesaam 4 600 koeimelkings word gedurende die 16 uur wat die proses duur, met die Waikato-melkmasjien wat van Nieu-Seeland kom, gedoen.

Mnr Gerdie Landman, wat aan die hoof van 'n familietrust staan (sy vrou Lorenda en seun Chris is die mede-trustees) het **.** besluit om hul melkbedrywighede van die kus na die Visriviervallei uit te brei. **Na twee jaar se intense navorsing en op grond van ekonomiese beginsels geneem is.** "Om die reine waarheid te sê, was ek na 20 jaar darem ook bra moeg om met **Holsteins** sonder genoeg besproeiingswater op die grasweidings aan die kus te boer.

"In die Tsitsikamma is daar nie net 'n grensdraad om jou plaas wat jou verhoed om horisontaal te kan uitbrei, maar ook 'n plafon, wat produksie per koei weens die lang stapafstande aan bande lê. Dit was ook ondenkbaar om op die huurgrond, *wat wel daar beskikbaar is***,** duur ***voergeriewe*** melkgeriewe op te rig. Boonop moes die ruvoer wat ingekoop is 300 km ver uit die Visriviervallei aangery word."

Dit was egter nie net die vooruitsig van vetter diere nie, maar ook die relatiewe laer grondpryse (sowat R25,000/ha vergeleke met die R40 000/ha in die Tsitsikamma) wat die familie laat besluit het om die sprong te waag. Ook die geluksgodin was aan hulle kant. Een van die kroonplase in die vallei, wat deur buitelanders besit was en as volstruisplaas bedryf was, is gelikwideer. Na lang onderhandelinge het die familie die plaas bekom.

"In die Visriviervallei is die twee belangrikste hulpbronne in melkboerdery, naamlik water en voer volop. Die koste van die 12,500 kub/m/jaar water uit die Gariepdam vir die besproeiing kos R450/ha per jaar. Wynandskraal beskik egter oor 'n turbinestelsel wat ons in staat stel om 250 ha lande oorhoofs te besproei sonder om pompkoste aan Eskom te betaal**.** Dié besparing beloop nagenoeg R75 000 per maand.

"Voldoende mielie- en hawerkuilvoer word ook in die vallei met sy vrugbare alluviale grond met pH van 7, geproduseer. Ook lusern gedy in die klimaat van die streek wat beteken dat geen aangekoopte stikstof, soos aan die kus nodig is om die aangeplante weidings deurlopend te bemes nie."

Hulle sê in teenstelling met die hoofsaaklik weidingsgebaseerde stelsels in die Tsitsikamma, waar melkproduksie hoofsaaklik deur reënval en die gehalte van die weiding bepaal word, kan dieselfde diere se produksie in die Visriviervallei onder 'n volvoerstelsel aansienlik opgestoot word. Die koeie hoef ook nie lang afstande te loop om kos te kry nie. Die voer word na hulle aangery.

"Waar dit in die Tsitsikamma dus moeilik is om meer as 1,000 koeie per melkstal te hanteer, kan tot 2,500 koeie met gemak per dag in totale melkrantsoen (TMR) voerstelsels in die vallei in een moderne stal gemelk word,"

Ofskoon die koste om 'n liter melk te produseer, in beide streke nagenoeg dieselfde is, word groot besparings vanweë die ekonomie van skaal met 'n groter deurset in die koeihotel behaal. (sien kassie) Aan die kus het hulle tussen 8,000 en 12,000 liter melk per dag geproduseer. By die koeihotel word daar nou drie tot vier keer meer melk per dag gelewer, met minder wisseling in produksie deur die jaar.

Wynandskraal wat 310 ha groot is, stel die Landmans in staat om voldoende kos vir 1,200 melkkoeie te produseer. Vir 800 van die groter getal koeie (300 hiervan is droë beeste) word voer by die bure ingekoop. Dit is nie 'n probleem om voer in die hande te kry nie. Bloot die feit dat dit nie oor 'n lang afstand karwei hoef te word nie, gee aan hom 'n voordeel van sowat 20% op ruvoerkoste teenoor wat hy aan die kus daarvoor moes betaal het.

Landman meen een van die grootste foute in landbou is dat boere steeds té onafhanklik wil wees. “Ek was ook een van die mense wat altyd gepraat het van my koeie, my plaas, my implemente waarvan ék die baas is. Vandag besef ons watter voordele daarin is om kontrakteurs te gebruik. In plaas daarvan om duur werktuie en trekkers aan te skaf, kan ons nou eerder die kapitaal aanwend om meer koeie te koop”

Oor die rede waarom hy talle versoeke van Landbouweekblad om oor die onderneming te skryf van die hand gewys het, antwoord hy dat hy eers seker wou maak dat sy nuwe onderneming goed op dreef is. “Na 18 maande wat ons hier melk, is ek nou oortuig die stelsel werk en dat die basiese voetwerk reg gedoen is. Die feit dat die kapasiteit van die stal en melktenks vinnig benut was, het tot groter produktiwiteit gelei. Drie maande nadat ons oorgeskuif het was die eerste melktenk van 31,000 liter, daagliks vol. Ons doelwit bly steeds om so gou as moontlik 2 500 koeie per dag te melk.”

In 1993 het die Landmans die eerste keer een miljoen liter melk vir die jaar gelewer. Nou, 12 jaar later, produseer hulle reeds 1 miljoen liter per maand en sal die produksie verdubbel wanneer hulle teen vol kapasiteit melk.

Die melk word daagliks oor 'n afstand van 1 000 km met 'n 31 000 liter interlinktenkwa na Parmalat se verwerkingsaanleg in Kyalami vervoer, waar dit hoofsaaklik tot joghurt verwerk word.

Theuns Botha